BY **HENK HAVENGA** SC

In memoriam

Dit was met leedwese dat ons verneem het dat een van die groot geeste van die Pretoria Balie, afgetrede oudappèlregter EL Jansen, op Maandag 23 Mei 2011 oorlede is. Ons simpatie gaan uit na sy familie. Sien die huldeblyk op bl 16 van hierdie uitgawe.

Pretoria Bar Council for 2011/2012

Since the previous issue the new Pretoria Bar Council has been appointed. They are: McCaps Motimele SC (chairman), Abraham Louw SC (vice-chairman), Bertus Bergentuin SC, Ig Bredenkamp SC, Norman Davis SC, Simmy Lebala SC, Regent Tokota SC, Johanni Barnard, Mothepana Boikanyo, Francois Botes, Dikeledi Chabedi, John Holland-Müter, Molatelo Malowa, HOR Modisa, Gerhard Naudé, Thami Ncongwane, Phumlani Ngobese and Frances Snyman.

Piet de Jager SC se *Roepman*

Piet de Jager SC is nie net een van Pretoria se bekendste advokate nie, maar ook 'n digter wat gepubliseer het en nou vervaardiger van *Roepman,* 'n Afrikaanse film wat met die beste Europese kunsfilms vergelyk. Resensente is vol lof vir die film en dit is selfs beskryf as die beste Afrikaanse film in 20 jaar en een van die bestes ooit. Die film het gedurende sy openingsnaweek meer as 15 000 fliekgangers gelok en in die vierde plek op die gewildheidsleer geopen, 'n kortkop agter die groot Hollywood films. Benewens 'n string bekende akteurs, het Piet de Jager sy hele familie en etlike van sy vriende en kollegas, soos Jaap Cilliers SC, betrek by hierdie produksie. Hy en sy seun Sallas de Jager is mede-vervaardigers van die film, en sy seun Dawie de Jager het die musiek vir die draaiboek geskryf.

Roepman is 'n film wat mens lank bybly. Dit verdien al die lof wat die film en sy vervaardigers toegedig word. Sien verder ook die rubriek 'Slices' op bl 47 van hierdie uitgawe.

Nuwe aanstelling op die regbank

Die Pretoria Balie is baie trots daarop dat nog 'n lid van hierdie Balie, Johan Louw SC, permanent aangestel is as regter in hierdie afdeling:

Judge Johan Louw

Judge Johan Louw was born in Bethal and matriculated at the Warmbad Hoërskool in Bela Bela. He obtained his BA (Law) at the University of Pretoria and his LLB and LLM degrees at the Rand Afrikaans University (RAU - now University of Johannesburg). While studying for the LLB degree at RAU, he was elected as the first chairman of the SRC, a position he held for two years. He completed his articles in 1970 and was admitted as an attorney in 1971. Judge Louw was thereafter appointed as senior lecturer in mercantile law at the Faculty Law of RAU in 1971 where he lectured in company law, intellectual property law and private law from 1971 to 1975. From 1975 to 1978 he practised as a partner in a firm of attorneys in Roodepoort and continued to lecture part-time at RAU until 1977.

Judge Louw joined the Pretoria Bar in 1978 after completion of his pupillage. He was awarded silk in November 1989. He was elected a member of the Pretoria Bar Council in 1986 and served on the Bar Council until 1990 and again from 1991 to 1992 and 1996 to 2000. During the years 1999 and 2000 he was also chairperson of the Pretoria Bar Council. He represented the Pretoria Bar on the GCB during 1991 and again from 1998 to 2000. His principal areas of practice were in the fields of intellectual property (patents, trademarks, copyright, designs), commercial and administrative law. He held acting appointments in the North Gauteng High Court on a number of occasions and was also a popular choice as arbitrator in a number of large arbitrations.

Regter Johan Louw is 'n regsgeleerde van formaat wat ongetwyfeld sy merk op die regbank sal maak. Hy was 'n gewaardeerde lid van die Pretoria Balie. Hy beskryf in sy eie woorde sy herinnering aan die Pretoria Balie en sy benadering tot sy nuwe amp soos volg: 'Ek was altyd baie trots daarop om 'n lid van die Pretoria Balie te wees en my jare by die Balie was ongetwyfeld die mees vervullende jare van my lewe. Ek sal gelukkig nog baie van die lede in die hof sien en sal poog om nie te vergeet hoe moeilik 'n advokaat se werk is en hoe hulle verwag om behandel te word nie.'

Brooklyn Advokatekamers

MARYKE VAN ROOYEN VAN BROOKLYN-KAMERS BERIG DIE VOLGENDE:

Brooklyn Advokatekamers word hierdie jaar tien jaar oud! Dit is byna ondenkbaar om te dink dat die tyd so gevlieg het sedert 60 advokate hulle intrek in die pragtige gebou geneem het. Dit het ook tyd geword om uit te brei. 'n Groep van tien advokate van die Pretoria Balie neem op 3 Junie 2011 hulle intrek in 'n vleuel van Rooth & Wessels, langs die Brooklyn Advokatekamers, wat vir dié doel ingerig is. Hierdie groep bestaan uit een senior advokaat, Japie Maritz SC, een senior-junior, Sybrand Gouws, en agt junior advokate, Anne-Lize Lourens, Robert Kayingo, Lafras Uys, Adriaan Vorster, Jean Janse van Rensburg, Delene White, Hanno Steyn en Nicci Maritz. Hulle sal steeds deel wees van die Brooklyn Advokatekamers en ons verwelkom hulle hartlik!

Ben Swart SC does not need any introduction. We are very proud of this adventurous member. Not only did he climb Mount Everest last year (summit on 24 May 2010) but he also went to the geographical North Pole to ski from 89º to 90º North in April 2011. Ben plans to climb Kilimanjaro (Africa) in June to complete his Seven Summits (the highest peaks of the seven continents).

Ben has already completed six of the seven: Mount Elbrus (Europe), Aconcagua (South America), Denoli (North America), Vinson Massif (Antarctica), Carstensz Pyramid (Papua New Guinea, Australian Continent) and Mount Everest (Asia). Well done Ben!